

Die gemeeneenskap van die Mat- KraggaKamma Gemeente - 10 Oktober 2021- Markus 2:1-12.

Vanoggend se getuigenis kom vanuit een van my gunsteling boeke. Die boek is geskryf deur John Ortberg, en die Titel van die boek is Everybody's normal till you get to know them... Almal is normaal tot jy hulle ontmoet. Sodra jy mense bietjie beter leer ken, dan besef jy, hulle is dalk bietjie abnormaal. Jy besef dit gewoonlik wanneer jy meer en meer tyd met mense spandeer. Mense besef jy is bietjie weird, en jy besef hulle is bietjie weird. Maar ek en jy kort definitief ander mense in ons lewe. Ek is bekommerd dat deur lockdown, tegnologiese vooruitgang en nog klomp ander faktore ons al hoe meer toegesluit leef. Dalk moet Instagram, Facebook, Whatsapp en Eskom dalk bietjie meer buite werking wees sodat ons tyd maak om weer mekaar in die oë te kyk en te gesels. Maar steeds bly almal bietjie abnormaal. En gemeenskap hoef ook nie perfek te wees of perfek te lyk nie.

Jean Vanier het geskryf: There is no ideal communities. Community is made up of people with all their richness, but also with their weakness and poverty, of people who accept and forgive each other, who are vulnerable with each other. Humility and trust are more at the foundation of community than perfection...

Gemeenskap hoef nie perfek te wees nie. Maar gemeenskap moet daardie ruimte wees waar mense vir mekaar lief is, waar mense vir mekaar ondersteun, en waar mense vir mekaar omgee...

Die nut van kleingroepe in 'n krisis (Elizma Harmse)

Ek is al seker vir 30 jaar deel van een of ander kerklike kleingroep. Verskeie kere in my lewe met krisisse en probleme was dit die lede van die kleingroepe, my uitgebreide gesin, wat my ondersteuningsnetwerk gevorm het en my vangnet was wanneer ek nie altyd geweet het of ek nog kan nie. Nou was dit weer so en die keer meer as ooit vantevore.

My man Gert is vroeg in Junie 2021 met Covid-19 gediagnoseer en twee dae later het ek ook positief getoets vir die virus. Hy het egter vining baie siek geword en op 17 Junie is hy in die hospitaal opgeneem en dadelik op 'n ventilator geplaas. Wanneer iemand op 'n ventilator is, beteken dit dat daar 'n pyp af in die lugweg geplaas word sodat suurstof na die longe gepomp kan word. Die pasiënt word dan heeltemal gesedeer. Dit gee die liggaam kans om die infeksie in die longe te beveg terwyl die ventilator vir die pasiënt asem haal. Ek kon dus glad nie met my man kommunikeer nie en met die Covid protokol van hospitale, hom uiteraard ook nie besoek nie.

Die dokter van noodgvalle, waar hy aanvanklik gestabiliseer is, sowel as die internis wat beheer oorgeneem het toe hy in intensiewe sorg opgeneem is, het beide my duidelik laat verstaan dat hy dit dalk nie sal maak nie. Hy was regtig baie siek. Covid longontsteking.

Gert het reeds terwyl hy nog tuis was begin suurstof gebruik omdat die suurstof in sy bloed net nie op veilige vlakke kon bly nie. Ek het ook die virus gehad en hoewel ek nie so siek was nie, het ek ook nie wonderlik gevoel nie. Tussen ons selgroep en my Bybelstudiegroep, hoef ek nooit oor kos te dink nie, dit het net opgedaag. Ons is regtig so bederf.

Nadat Gert hospitaal toe is, het die ondersteuning net meer geword. My medikasie is vir my gaan haal, nog steeds het kos opgedaag, toe ek nie meer aansteeklik was nie het die kuiers begin. Een vriendin van my Bybelstudiegroep sou laatmiddag kom kuier – die moeilikste tyd van die dag vir my en die honde, want dan sou Gert normaalweg huis toe kom. Sy het maar net by my kom sit en dit was wonderlik.

Toe Gert se long platgeval het na ongeveer 10 dae in die hospitaal, was dit 'n selvriendin wat my hospitaal toe geneem het omdat sy my nie self wou laat bestuur nie en daar gewag het terwyl ek na intensiewe sorg is, nadat die dokter ingestem het dat ek hom mag besoek. Die doktersvriendin wat gereël het dat ek hom mag gaan sien, was ook in 'n vroeëre sel van ons. En dis hoekom ons sulke wonderlike bande gehad het. Dis ook sy wat saam met my langs hom gebid het terwyl ons hande net 'n plekkie gesoek het om aan hom te raak waar daar nie pype aan hom was nie.

Gert was op die ou end 40 dae aan die ventilator gekoppel, 48 dae in intensiewe sorg en toe daarna oorgeplaas na Aurora rehabilitasie hospitaal. Voor iemand daarheen gaan, doen die hospitaal 'n behoorlike ondersoek om uit te vind hoe die situasie tuis is en of die pasiënt en familie 'n ondersteuningstelsel het. Op daardie vraag kon ek so lekker antwoord, dat ons geen bloedfamilie in Port Elizabeth het nie, maar 'n wonderlike ondersteuningstelsel. Ons gemeenskap van gelowiges, wat by ons huidige selgroep, my Bybelstudiegroep en Gert se manngroep begin en dan verder gaan na al die selgroepe waarvan ons vantevore deel was en op die ou end na die hele gemeente en alles waarby ons betrokke is of was, het ons met gebed en soveel meer gedra deur die moeilikste tyd van ons lewens. Ek kan eerlik sê dat daar dae was dat ek so oorstelp van hartseer, verlange en selfs 'n bietjie vrees was dat net die ondersteuning van die mense van hierdie kleingroepe my weer opgetel het.

En dan vra jy nog hoekom het ek 'n kleingroep nodig? En my wens vir elke gemeentelid is om deel te wees van so 'n kleingroep sodat jy ook gedra kan word wanneer jou voete nie meer vorentoe kan nie en jy ook regtig kan ondervind wat dit beteken wanneer jy met liefde omvou word.

Ons lees vanoggend vanuit Markus 2 v1-12:

As jy in 'n krisis is 03:00 die oggend, vir wie bël jy? (En nee ek bedoel nie Atlas nie). Vir wie bid jy op 'n gereelde basis? Vir wie bel jy gereeld, en vra nie vir iets nie, jy wil net hoor hoe dit gaan, want jy stel regtig belang in wat in hul lewe aan die gang is? Wie kan by jou huis ongenooï enige tyd opdaag? Wie stap by jou huis in, en dan is hulle sommer connected met die wifi, en hulle maak solank vir hulself koffie? Vir wie bel jy en vier saam met hulle al die aspekte van die lewe? Uit wie in jou lewe bestaan daardie persone?

Gemeenskap word gebou deur mense wat lief is vir mekaar. Hierdie is een van die bekende verhale in die Bybel. Ons lees hier van vier vriende wat kies om 'n verlamde man te help.

Vandag wil ek hê ons moet bietjie fokus op die verskillende karakters in die storie:

- Die verlamde man: Die man wat niks het nie. Hierdie verlamde man was nie in staat om te beweeg nie. In die letterlike Grieks lees ons dat hy net heeldag op sy slaapmat gelê het. Net een matjie. Dink nou net vir jou hele lewe lank kan jy net beweeg binne hierdie ruimte. Dit was sy

hele realiteit. Die man wat sy hele lewe lank moet staatmaak op ander mense om hom te vervoer. Dalk het hierdie man sy eie drome gehad? Dalk het hy gelê en by hom self gedink, as ek net ook kon loop soos die ander mense wat ek sien. Dit was ook algemeen in daardie tyd om te dink dat iemand verlam is, omdat die persoon, of die persoon se ouers iets verkeerd gedoen het, dus sou mense sou na jou kyk, asof iets fout is. Hierdie man het niks in die wêreld nie, sy familie sou hom tien teen een verwerp het, hy sou nie 'n werk kon vind nie, en wat nog te sê van 'n liefde. Hy het niks, of het hy dalk? Hierdie man, het 4 ongelooflike vriende. In die gesig van struikelblokke, stigma, ongemak, finansiële druk, min tyd, min energie, en alhoewel daar sekerlik vir hulle niks te wen is nie, kies hulle om vriende te word....

- 4 vriende: Ons weet niks van die 4 mense se geloof af nie. Ons weet nie eers wat hulle name was of hoe hulle gelyk het nie. Hierdie 4 vriende kon by hulself besluit het om na Jesus te gaan luister, maar hulle het nie. Hulle kies om die verlamde man saam te vat. Hulle kies om die man te help. En hierdie vriende sê nie 'n enkele woord nie, hulle geloof bestaan nie uit praat en praat en praat en praat nie, nee hulle doen net... Hierdie vier vriende word die simbool vir diensbaarheid, ons gaan later daarvoor gesels.
- Jesus: Jesus is besig om te onderrig en daar is 'n groot skare voor hom. Mense staan die hele sinagoge (kerk) vol, maar wat is Jesus besig om te doen? Hy is besig om sy roeping te leef. Hy is besig om vir hulle die boodskap te vertel soos wat ons in vers 2 lees. En Jesus is instaat en bereid om onderbreek te word. Hy is nie so taak gerig, dat hy heeltemal van die mens vergeet nie.
- Die Skare: Die woord skare (wat ook buitestaanders is kom meer as 40 keer voor in Markus. Die skare speel egter nie 'n goeie rol in die Markusbrief nie. Die skare is die mense wat Jesus se bediening wil kelder. Daar is ook twee verskillende tipes skares. Daar is die wat luister, leer, inneem reflekteer en daar is die wat die skrifgeleerdes is. Die wat dink hulle weet alles. Die wat eintlik net daar sit en wag vir Jesus om iets te sê wat Hy nie moet nie.

Die Storie het egter twee dele:

- Wonderverhaal- eenheid: 2:1-4
- Konflikverhaal- eenheid: 2:5-10

En tussen hierdie wonder en konflik, is vers 5 die kern. Die sneller oomblik: Kom ons lees weer die vers:

Toe Jesus hulle geloof/vetroue sien, sê HY vir die verlamde: "Kind jou sondes is vergewe"

Jesus sien die geloof van die vriende raak. Dit is nogal vreemd. Hierdie man kom na Jesus toe om genees te word, fisies, maar Jesus sien die Geestelike raak. En Jesus sien nie net die verlamde man se geloof raak nie, hy sien die 4 vriende se geloof raak. En Jesus sê dan vir die verlamde man, My vriend- ek sien jou soos God jou sien... Ek kyk anders na jou.. Jesus vat dit 'n stap verder en genees sy sonde, Maar Jesus mag nie, net God mag sonde vergewe. Wat Jesus nou sê is Godslasterlik. Dus is daar nou 'n krisis op hande, die mooi genesings verhaal het verander na konflikverhaal.

Dan lees ons iets wonderliks in v 8: Omdat *Jesus onmiddelik in sy gees geweet het dat hulle so by hulself redeneer, sê Hy vir hulle: "Waarom beredeneer julle hierdie dinge in julle harte?"* Jesus weet hy oorsteek nou grense. Jesus weet hy is nou besig om die persone se verstaan uit te daag. Liefde doen mos dit ook,

liefde bevestig nie net nie, liefde ontwrig ook soms. Liefde skuif die grense. Liefde daag jou uit om beter te word en te groei in jou verstaan van mense en lewe. Hy weet wat in hulle harte aangaan. En Jesus gaan dan verder, en gee vir hulle hierdie visuele oomblik, hierdie ervaring, wat sekerlik almal se harte geroer het. Hulle was deel van iets spesiaal. Hul het gesien hoe die persoon op 'n draagbaar afkom, en met sy draagbaar onder die arm op sy eie tyd uitstap.

Nou wat kan hierdie verhaal vir jou en my, op Sondag 10 Oktober 2021 beteken?

Ons almal het 'n mat. Vanoggend het Elizma vir ons vertel van haar mat. Van die ding wat sy vir ongeveer 2 maande moes dra. Ons elkeen het 'n mat, dit is daardie ding wat ons nie alleen kan dra nie. Toe ek vir my vrou sê ek gaan hierdie mat gebruik, toe sê sy vir my, ag nee man, dit is nie n mooi mat nie. Is jy seker jy wil dit gebruik? En toe dink ek, dit is presies dit punt, ons mat lyk nie altyd mooi nie. Ons kort hulp. Vir sommige is dit 'n kort humeur, spanning, finansiële druk, angs, verlies, alkoholisme, pornografie, bitterheid, haat, 'n oog wat verkeerd rondky na wat ander het.... En ons is nie trots op ons mat nie. Ons wil dit eintlik sovêr moontlik daardie ding, of deel van ons onder die mat invec. John Ortberg noem dit Mat management. As kinders het ons mos die mat getrek oor daar waar ons koel drank gemors het, as volwassenes is dit nie veel anders nie. Ons raak meester van om nie net maskers op ons gesig te sit nie, maar maskers op ons probleme en kwale, en hoe meer ons dink ons kan dit alleen dra, hoe swaarder dra ons. Ons is nie trots op die mat nie...

Maar dan dikwels, wanneer ons met ander begin deel, wanneer ons die waagmoed vind om te sê vir 1 of 4 vriende, luister en kort hulp. Dit is nie maklik om daardie damwal vir die eerste keer te breek nie. Luister hierdie ding kan ek nie alleen dra nie. Dan kom jy agter, ander deel ook dat hul nie alleen aan iets kan dra nie. Dan vind jy uit daar is meer mense wat ook sukkel waarmee jy sukkel. Daar is mense wat al jare gelede ook 'n kind aan die dood afgestaan het, wat alles verloor het by die werk, wat se kinders nie meer met hul gesels nie, mense wat sukkel om in 2021 in Suid-Afrika te leef. As mense weet van ons mat, dan kom hul juis nader. Terwyl ons dink ons gaan hul weg dryf.... Die mat word die konneksie vir 'n dieper verhouding. En so word die gemeenskap van die mat gevorm.

God gebruik mense om mense gesond te maak... Mense help mense. Stories van ander mense, help my as mens.

“In Great communities, people carry mats and crash through roofs without asking what is in it for me?”.

My Ouma het altyd gesê die beste manier om 'n vriend te hê, is om 'n vriend te wees. Ware vriendskap vra nie wat is in die vir my nie. Ware vriendskap nooi nie net oor sodat jy vir my kan terugnooi nie, vra nie net hoe dit gaan sodat jy dit terug kan vra nie. Ware vriende dra jou, al kan jy hulle nie dra nie, ware vriende gaan uit hul pad, breek die dak oop en help jou om nader na Jesus te kom.... So volg ek en jy ook vir Jesus, wat sy hele lewe geleef het, sonder om ooit op homself ingestel te wees. Keer en keer het hy die opoffering vir ander gemaak. Ja selfs tot aan die einde by die kruis. Jesus het nie 'n mat gedra nie, maar liever 'n kruis... En hy het dit gedra vir my en vir jou..

Ek wonder sommer oor my en jou eie lewe:

Ek het hierdie week gehoor, deur Markus 2, deur verhale van mense, dat mense ander mense nodig het. Dat God ons vir mekaar gegee het, en ons moeite moet doen met mekaar. Dat daar groot waarde is aan deel word of deel wees van 'n groep. 'n Bepaalde gemeenskap wat jou ophelp en uithelp. Jy hoef nie alleen sin te soek nie, jy hoef nie alleen jou mat te dra nie.... Word deel. Steek handop, reik uit, vra vrae... Wees oop dat God jou aanraak, deur jou medemens.